


# **FAMILIE**NUUS — SONDAG 22 Maart 2026

## 08:00 & 10:00

**Prediker:** Ds. Pierrié Kies
**Skrif:** Josua 4:6-7
**Tema:** Dit wat ons saam met ons dra.

## 18:00

**Prediker:** Ds. Henri Meyer
**Skrif:** Jona 1:1-17
**Tema:** You can run, but you can't hide

*Die Spesiale deurkollekte gaan vandag vir die* ***Erediensbediening.***
Die Erediensbediening begelei alles rondom die eredienste – lofprysing in musiek en sang, multimedia, klank, dekor en blomme. Die erediens is die plek waar God ons gesamentlik ontmoet en waarskynlik die belangrikste uur / ure in ons kerklike week. Ons streef na kwaliteit inhoud, musiek, klank en beeld sodat mense in ons tyd en kultuur eietyds God se Goeie Nuus in Christus kan beleef.

## KATEGESE - KWARTAALAFSLUITING

3jr - Gr R: 10:00 Kleuterkerk
Gr 1 – 3: 09:00 in Borrelklub
Gr 4 – 6: 09:00 in Kategeselokale
Gr 7 – 11: 18:00 Kuierkerk in kerkgebou

## AFSKEIDSPREEK: DS. PIERRIÉ KIES

Almal word genooi om na afloop van die erediens saam met Ds Pierrié en sy gesin te kuier en verversings te geniet in die Klipkerk.

## PREDIKANTE

**Henri Meyer**
083 455 6940
henri@ngmosselbaai.co.za

**Pierrié Kies**
076 110 4202
pierrie@ngmosselbaai.co.za

**Dean Bentley**
084 782 4595
dean@ngmosselbaai.co.za

## NUWE LIDMATE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

www.ngmosselbaai.co.za | ngmosselbaai | "Like" ons om lid te word en op hoogte te bly

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>23 Maart | | |
| **DINSDAG**<br>24 Maart | 10:00 Bybelstudie vir vroue | 18:00 Kerkraad (geskuif) |
| **WOENSDAG**<br>25 Maart | 11:00 Bybelstudie vir seniors | 17:00 Bybelstudie (Danabaai) |
| **DONDERDAG**<br>26 Maart | | 18:00 Mannegroep |
| **VRYDAG**<br>27 Maart | 06:00 Wild@Heart Mannegroep | SKOLE SLUIT |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens. Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## GEBEDSBROKKIES

Ek wil jubel en juig oor u troue liefde ... Ek vertrou op U, Here, y my tye is in U hand
Ps 31:8,15

Gebed maak ñ einde aan eensaamheid. Dit is ñ manier van lewe saam met ñ andere Persoon; saam met Hom wat alleen in staat is om ons isolasie te verbreek.
GEORGE LEFEVRE

## GEBEDSWAG UITNODIGING

Om deel te word van die gemeente se **Gebedswag Whatsapp-groep** stuur asb u naam en selfoonnommer vir Alta van Zyl, (083 257-3884).

## PAASTYD IN MOSSELBAAI

In die tradisie van die kerk is Paasfees met 7 Lydensweke voorafgegaan. Lydenstyd is die tyd waarop ons fokus op Jesus se lydenspad en wat dit vir ons kan beteken.

Ons program tydens Paasnaweek sluit die volgende in:

- **Heilige Donderdag (02/04) – Meditatiewe diens 18:00** in die kerkgebou
- **Goeie Vrydag (03/04) – Nagmaal 08:00 en 10:00** 'n Spesiale kollekte gaan vir die Omgeebediening opgeneem word
- **Opstandingsondag (05/04):**

  Sonopkomsdiens op Santosstrand vanaf 6:15. Sonopkoms is om 06:47.

  **Opstandingsdienste 8:00 & 10:00** by die Kerk

## BAIE WELKOM NUWE LIDMATE

Die volgende lidmate se Bewys van Lidmaatskap is na ons gemeente oorgeplaas:

- Daniel De Villiers en Trisia Francina Badenhorst (nou De Villiers), vanaf NG Wonderpark;
- Nicolaas Johannes Kotzé en Anna Louisa Coetzer (nou Kotzé), vanaf NG Postmasburg.

## ACVV HUIS SEEBRIES

Een van die dae (1ste naweek in April) is dit weer Paasnaweek. Ons benodig skenkings van "Hotcrossbuns", paaseiers en klein koeldrankies of sappies vir die Seebries-tehuise. Hulle wil ook graag uitreik na 'n speelskooltjie en met hulle deel in die Paasfeesvreugde. So, enige skenkings van paaseiers, koeldranke of Henties sap en enige finansiële bydraes of ander (jellie, suiker, koekmeel, groente of lamsvleis) vir hulle Paasfeesete, sal waardeer word.

Baie dankie vir almal wat altyd so getrou help om ons eensame mense in die tehuise se feestyd draagliker te maak.
Skenkings kan by die kerkkantoor afgegee word **tot en met 31 Maart 2026.**
Navrae: Frieda Marais 073 306 0703

## GEEN PARKERING VOOR POLISIEHEK!

Ons weet dat parkering Sondae 'n probleem is, maar wees asb bedagsaam teenoor die owerheid deur nie voor hul hekke te parkeer nie.
Hulle het verlede Sondag groot moeilikheid ondervind om gevangenisse in te bring na die selle, omdat daar van ons voertuie op die afgemerkte area geparkeer was.

## BASAAR: 6 JUNIE 2026

**VLEIS:** Ons neem die vrymoedigheid om te vra vir finansiële skenkings vir die aankoop van die beeste wat nodig is vir die maak van wors, maalvleis, steaks ens. Vir enige navrae i.v.m. hierdie skenkings, kontak gerus vir Louwrens de Wet (083 308 4463).

**WIT OLIFANTE:** Begin solank krap in jou kaste vir daardie items wat nie meer gebruik word nie en dalk nog vir iemand anders bruikbaar kan wees! Bring die items na die Kerkkantoor of kontak asb die sameroepster, Ronel du Preez 076 410 4871 vir enige navrae.

## SKAAPKOPETE – 17 APRIL 2026

Die Wild@heart-mannegroep hou 'n skaapkopete op Vrydag, 17 April 2026 vanaf 18:00, in die Klipkerk. Koste beloop R160 per persoon. Die geleentheid is nie net vir die manne nie! Almal is welkom, selfs al eet jy nie skaapkop nie en wil net kom saamkuier. Bring net eie eetgerei, vleis en slaai. Daar sal genoeg kole wees om jou eie vleisie te kan braai.

Bespreek & betaal by kerkkantoor voor of op Sondag 16 Februarie 2025.

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## OPSKOPPERTOER 16 – 18 SEPTEMBER

Kom geniet 'n heerlike ervaring in die omgewing van die Hemel-en-aarde vallei.

Die koste is R3200 per persoon wat akkomodasie en sekere etes by die gastehuis in Kleinbaai (nag 1) en die Arniston hotel (nag 2), insluit.

Alle verblyf het slegs dubbelkamers (2 persone wat deel) en die getal toerlede is ongelukkig beperk tot 36. Eie vervoer of deel met geesgenote.

'n Deposito van R1500 is betaalbaar by die kerkkantoor, voor of op 14 Junie 2026 om jou plek te verseker. Finale bedrag is betaalbaar op 12 Julie 2026.

Enige navrae kan gerig word slegs per WhatsApp aan Jan de Witt (082 695 3672).

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Hein Scheepers**, longkanker, (Hanlie 083 448 9128); **Mara Kolesky**, (Albert 082 565 5624), **Brenda van Zyl**, (Francois 082 330 4286); **Marietjie Albrecht**, herstel na beroerte (Greg 083 250 1112); **Jan Steyn**, kanker (Lynette 083 627 1294); **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Hans Szewzyk**, kanker (Marie 082 202 2352); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

✞**André Fourie** (Betsie 083 288 2070),
✞**Berry Meyer** (Santos Haven),
✞**Thekla Kruger** (Bardolino versorgingsoord)

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**VOORSITTER:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**ROEPING:** Ben Joubert 082 921 0348
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**EREDIENS:** Dennis Engelbrecht, 083 251 5998
**FINANSIES:** Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
**FAMILIE:** Jacques le Clus, 073 172 8424
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608

- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672

- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Petro Proudfoot, 082 775 3473
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za

**Finansiële Beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619

**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818

**Pastorale Terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127

**Pastorale Werker (Ouetehuise):**
Henk Brits: 082 855 7136